# H O O F S T U K IX.

## KRITIESE SAMEVATTING.

### 1. Die periode 1838 - 1858.

Die jaartalle 1838-1858 begin en beëindig 'n definitiewe en besondere periode in die Transvaalse onderwysgeskiedenis.

Dit begin met die stigting van die eerste Voortrekkerdorp in die Oorvaalse gebied, nl. Potchefstroom. Dit strek heen oor die jare toe die bevolking stadig aangewas het deur die koms van meer emigrante; toe in die Oorvaalse gebied self kleiner trekke plaasgevind het, toe Ohrigstad (1845), Lydenburg (1850), Rustenburg (1850), Zoutpansberg-Schoemansdal (1848) en Pretoria 1855 gestig is.

Dit was jare toe 'n pioniersgeslag moes veg en werk om die behoud van die lewe self, en ook die grondslae moes lê vir 'n staatkundige, 'n kerklike en onderwysorganisasie.

Die gesogte staatkundige onafhanklikheid, waarvoor soveel opgeoffer is, is met die ondertekening van die Sandrivier-konvensie in 1852 verkry. Hierdie vryheid is ook op kerklike gebied verkry toe die onafhanklike staatskerk van die Republiek, nl. die Nederduits Hervormde Kerk, in 1853 gestig is

Leiers om die leiding te neem in die vryheidstryd was daar wel in die Oorvaalse gebied, maar geestelike leiers, persone wat die leiding kon neem in die stabilisering van kerk- en skoolsake, het tot 1852 heeltemal ontbreek. Boonop moes die Trekker-emigrante hulle na Holland wend vir sulke leiers, en moes eventueel die leiding laat in die hande van Hollanders wat dit wel goed bedoel het, maar vir wie die Boere-emigrant wesentlik tog 'n vreemdeling was.

Die onderwys gedurende hierdie periode val

duidelik/.

duidelik in twee fases:

Eerstens die periode 1838-1851, wat sig kenmerk deur die algehele afwesigheid van onderwysers behalwe die sogenaamde huisonderwysers, persone wat bereid was om die lief en leed van die Trekker mee te maak en na hulle vermoë die ouers behulpsaam te wees met die steeds gevoelde plig van die opvoeding van die kinders. Die onderwys tydens hierdie tydperk was slegs 'n voortsetting van dit waaraan die Trekkers reeds op die Oosgrens en tydens die Trek self gewoond geraak het.

Die tweede periode begin met die koms van die eerste drie opgeleide onderwysers uit Holland, nl. W. Boon, H. van der Linden en J. Spruyt in 1851. Nou is die eerste pogings aangewend om georganiseerde onderwys daar te stel. Dit was 'n stap vooruit. Beide Kerk en Staat het hulle plig t.o.v. die onderwys besef, maar die onbestendige staatkundige toestande, kerklike en persoonlike twiste en gebrek aan administratiewe ondervinding, het die saak steeds bemoeilik. Met die aanstelling van die eerste twee onderwysers in 1852 (van der Linden op Potchefstroom en Spruyt op Rustenburg), het die staat alle verpligtinge t.o.v. die onderwysers en skole op die kerkraad afgeskuif. Geleidelik kon die staat egter self hierdie verpligtinge nakom. In 1857 het die regering self 'n onderwyser gevind en ook onder verantwoordelikheid aanvaar vir die onderwys op Potchefstroom. Die kerkraad sou egter nog onderwysers goedkeur en hulle by die Volksraad aanbeveel vir aanstelling. Die predikant self was nog „skoolopsiener".

'n Derde periode en daarmee ook die derde fase in die ontwikkeling van die Onderwys in die Z.A.R.

het/....

het in 1859 begin met die benoeming van 'n goewermentskoolkommissie om die onderwyssake te reël.

2. Die Kerk en die Onderwys.

a. Die aflegging van die Geloofsbelydenis as aansporing tot die onderwys.

Die Boere-emigrante in die Oorvaalse gebied was wat hulle politieke, kerklike, huislike en skoollewe betref getoë in die Gereformeerde Godsdiens- en lewensbeskouing; en dit was hierdie lewensbeskouing, meer as enige ander faktor, wat verantwoordelik was vir die feit dat selfs in die moeilikste omstandighede die pionierskind verseker was van 'n mate van skoolse onderwys. In hierdie godsdienstige pioniersgemeenskap was die lidmaatskap van die kerk die mees gesogte voorreg van elke jonkman en jonkvrou. Dit was die toets vir die toelating tot volmondige lid van die gemeenskap Om hierdie lidmaatskap te kon verkry, moes die kandidate egter, afgesien van die Bybelse en kategetiese kennis, ook uit die Bybel kon lees en hulle moes kon skryf. Hierin was die grootste dryfkrag tot die onderwys geleë, want „deze weigering van wege de Kerk om personen, die niet lezen of schryven konden tot het lidmaatschap toe te laten, heeft de Afrikaner van analfabetisme gered."[1]

Op 'n tydstip toe die daaglikse lewe self geen of weinig skoolse onderwys geverg het, het die skoolonderwys dan grootliks ten doel gehad om die kinders te bring tot die aflegging van die geloofs belydenis.

Die waarde/....

1. Hoogenhout, V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 44.

Die waarde van die besoeke van predikante van die Kaapse Sinode aan die Oorvaalse gemeentes, veral tussen die jare 1847-1852, was dan ook vir die onderwys daarin geleë dat daar telkens geleenthede gebied is om belydenis van die geloof te kon aflê.

Die groot getalle kandidate wat hulle telkens wanneer die geleentheid daar was, aangebied het vir die aanneme[1] is ook ons duidelikste aanduiding dat in die Oorvaalse gebied, selfs in die moeilikste pioniersjare, die onderwys nooit heeltemal verwaarloos is nie.

b. Die Kerkrade en die Skole.

Die koms van die eerste drie opgeleide onderwysers, W. Loen, H. van der Linden en J. Spruyt, na die Oorvaalse emigrante aan die einde van 1851, het geskied op 'n tydstip toe die Staatsorganisasie in Transvaal nog nie sodanig bestendig was dat die Staat die onderwysers onder sy beskerming kon neem nie. Daar is voortdurend pogings aangewend om opgeleide onderwysers vanaf Holland te kry,[2] maar toe daar eindelik drie aangekom het, was die onvermoë van die owerheid (Volksraad) om die skole aan die gang te kry, duidelik.[3]

Op Lydenburg is meester Loen deur die kerkraadslede onder hul beskerming geneem en hy moes skoolhou en kerkhou.

Die onderwysers vir Potchefstroom en Rustenburg, van der Linden en Spruyt, is wel op die Volks-

raadvergadering/.

1. Vgl. Spoelstra: Het Kerkelyk en Godsdienstig Leven der Boeren na den Grooten Trek.
2. Vgl. Hoofstuk III.
3. Vgl. Hoofstuk V.

raadvergadering van 17 Maart 1852 benoem as onderwysers op die onderskeie dorpe, maar verder is die hele saak op die kerkrade afgeskuif. Daar was ook geen ander uitweg nie. Buitendien was die onderskeie terreine van kerk en skool vir die Boere-emigrante glad nie afgebaken nie.

c. Ds. Dirk van der Hoff en die Onderwys.

Ds. van der Hoff, eerste predikant van die Ned. Herv. Staatskerk in die Transvaal en daarmee ook die eerste permanente predikant in Transvaal, het na sy bevestiging as predikant van die Potchefstroomse Gemeente, wat toe oor die hele Transvaal getrek het, dadelik sy aandag aan die onderwys gegee.

Met sy onderwysreglement van November 1853 is die beheer van die kerk oor die onderwys wettiglik erken. Alle skole sou voortaan onder toesig van die kerk staan en alle onderwysers, selfs die sg. huisonderwysers, moes die kerkraad van hulle bekwaamheid oortuig. Voortaan sou die Volksraad eers na aanbeveling van die Kerkraad 'n onderwyser kon benoem.

Die predikant self het „ skoolopsiener" en binne- en buitelandse korrespondent vir „ skoolsake" geword.

Eers het hy op Potchefstroom die skoolsake herorganiseer en op 'n hegter grondslag geplaas. In Januarie 1854 het hy met 'n rondreis deur die land begin en ook op Lydenburg en Zoutpansberg die onderwys in beter bane gelei. Ouers is aangemoedig om hulle kinders na skole te stuur, skole en onderwysers is onder toesig van die kerkraad geplaas en die salarisse van onderwysers is deur die toedoen van Van der Hoff verbeter,

Hierdie optrede van Van der Hoff was geregverdig, want wie/.....

want wie anders as die predikant kon die leiding neem in die onderwys?

Ongelukkig het by al die goeie wat van der Hoff tot stand gebring het, die kwade ook nie weggebly nie. Deur ontaktvolle optrede en moeilikhede met sy landgenote, Smellenkamp en Bührman, is die normale ontwikkeling van die onderwyssake op Rustenburg en Potchefstroom spoedig onderbreek.[1]

d. Die Kerklike optrede Geregverdig.

Indien ons die onderwys sien as 'n produk van 'n bepaalde lewensbeskouing, 'n lewensuiting van 'n volksgemeenskap en die Gereformeerde godsdiensbeskouing van die Boere-emigrante aanvaar, herken ons in die vroeë onderwystoestande in die Oorvaalse gebied 'n streng Calvinistiese beginsel. Dit was volgens Calvyn die heilige plig van die Staat om te sorg vir die volksonderwys, maar as die Staat in gebreke sou bly om dit te doen, dan was die kerk ten volle geregtig om op te tree en aanvullende werk te doen.

Bewus of onbewus is gedurende hierdie pioniersjare dus die leiding van Calvyn gevolg toe die kerk as tydelike maatreël die onderwys onder sy beskerming geneem het.

Die bemoeiinge van kerksweë met die onderwys was daarom volkome geregverdig en dit was ook die enigste manier om die onderwys in die benarde landsomstandighede aan die gang te kry.

Die kerklike verantwoordelikheid vir die onderwys is egter nie sonder meer aanvaar nie. By gebrek aan 'n ander moontlikheid sou die Kerk wel die toesig oor die skole aanvaar en behou, maar die Staat

moes/....

1. Vgl. Hoofstuk V en VII.

moes wel ira sy verantwoordelikheid t.o.v. die finansiële aspek, self dra.

3. Onderwyswetgewing.

Hoewel van regeringsweë weinig gedoen is aan die onderwys gedurende hierdie periode onder behandeling, kan ons tog veilig beweer dat die regering sy pligte nooit heeltemal vergeet het of blind daarvoor was nie. Sy geringe bydrae tot die bevordering van die onderwys moet ons eerder toeskryf aan 'n tydelike onvermoë as aan onwilligheid.

Reeds in die tweede Voortrekkergrondwet, dié van Oktober 1838, word in artikel 13 neergelê: „De Raad (van representanten van het volk) zal ook een wakend oog over den Godsdienst en scholen moeten houden, en alles aanwenden tot bevordering derzelve."[1]

Hierby het dit egter gebly. Direkte onderwyswetgewing was daar nie voor die sg. van der Linden-reglement nie. Die differensiasie tussen Kerk en Staat moes nog groei en die plek van die onderwys was nog nie afgebaken nie.[2]

Dit was eers op 17 Maart 1852 dat 'n Hollander, die onderwyser H. van der Linden, aan die Volksraad 'n skoolreglement in 13 artikels, waaraan die Gemeentebestuur en onderwysers hulle moes hou, voorgelê het.[3]

Hierdie van der Linden-Reglement was dan die eerste direkte onderwyswetgewing deur die Volksraad aangeneem om die onderwys in die Transvaal te reël, dog die wetgewing is nie daargestel op inisiatief van die Volksraad nie, maar wel op inisiatief van Prof. Lauts/.....

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1839, 16.
2. Luttenburg, t.a.p., 22.
3. Vgl. Hoofstuk V.

Prof. Lauts van Amsterdam, Holland.

Kort hierna, in 1853, kry ons 'n tweede poging, weer ingedien deur 'n persoon buite die Volksraad, nl. Ds. Dirk van der Hoff, om die onderwys deur direkte wetgewing te bestendig en te beveilig.

Na 1855 het die algemene landstoestande in Transvaal erg vertroebeld geraak. Temidde van hierdie woeling het M.W. Pretorius egter die helderheid van gees gehad om te sien waar die groot gebrek lê, nl. die gebrek aan 'n vaste grondwet.

In 1855 is deur sy toedoen 'n konsepgrondwet opgestel en deur die grondwetkommissie van die Volksraad op 1 November 1855 goedgekeur.[1] Hierdie konsepgrondwet is belangrik i.v.m. die onderwys. Dis hierin wat vir die eerste keer voorkom, die bewuste art. 29:

„Het volk verlangt de opbouw, bloei en welvaart van Kerk en Staat en uit dien hoofde voorziening in de behoefte aan Nederduitsch Hervormde Predikante en Schoolonderwyzers."[2]

Verder bepaal art. 235: „Verlangen geneeskundigen of schoolonderwyzers, als zodanig in deze Republick erkend te worden, dan zyn zy gehouden, hunne schriftelyke bewyzen van bekwaamheid, aan de Staatsraad ter beoordeling voor te leggen."[3]

En art. 236: „De scholen en het onderwys in dezelve van onderwyzers aan wien vaste standplaatzen van wege den staat zyn aangewezen, staan onder het toezigt en leiding van de leden van den Staatsraad en de predikanten/...

1. Coetzee, t.a.p., 21.
   Lugtenburg, t.a.p., 52.
2. R 930/55.
3. Ibid.

de predikanten. Het onderzoek naar den toestand dier scholen en het daarin gegeven onderwys, kan ten allo tyde plaats hebben, mits gedaan wordende door een predikant met een der leden den Staatsraad of met den Landdrost."[1)]

Uit die konsepgrondwet blyk duidelik dat die verpligtinge deur die van der Linden-reglement die staat opgelê, erken sou word, want volgens artikels 254 en 267 sou die staatsuitgawes ook die salarisse van die onderwysers insluit.

Onderlinge binnelandse twiste sou egter hierdie voorgestelde grondwet laat skipbreuk ly. Lydenburg wou daar niks mee te doen hê nie.

Nog in dieselfde jaar het in Potchefstroom egter weer verteenwoordigers byeengekom uit die Potchefstroomse, Rustenburgse en Pretoriase streke en op 5 Jan. 1857 is die konsepwet van 1855 met enkele wysinge aangeneem.

Hierdie grondwet van 1857 het art. 29 van die konsep van 1855 oorgeneem as art 27. Art. 254 en 267 of hul ekwiwalente kom hier egter nie in voor nie. Dat dit egter tog volgens die gees van die wet geldig gebly het, blyk uit die geskiedenis van die onderwys op Potchefstroom gedurende 1857.[2)]

Dit was egter eers in 1858 dat die finale „ Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek" van krag geword het. Daarin is in art 24 die bepaling van art. 27 van die 1857-wet öorgeneem, maar art. 254 van die 1855-wet, waarin die staatsbesoldiging van die onderwysers/......

1. R 930/55.
2. Vgl. die aanstelling van Meester Scheurkogel, Hoofstuk V.

die onderwysers vasgelê is, ontbreek skool en al.

Van belang is ook die kerklike wetgewing i.s. die onderwys. In die „Staatscourant" van 28 Mei 1858 kry ons, ná 'n inleiding deur Ds. Dirk van der Hoff, die 45 artikels van die „Kerkelyke wetten en Reglementen voor de Nederduitsch Gereformeerde Gemeenten in de Zuid-Afrikaansche Republiek."

Art. 35 hiervan lees as volg: „Het onderwys der jeugd staat onder het toezigt der Kerk."

Blykbaar het die kerk nou aanvaar dat die Staat die finansiële las sou dra, maar dat die kerk self belas sou bly met die toesig oor die onderwys.

4. <u>Faktore wat die Onderwys bemoeilik het.</u>

Na die bestudering van die onderwystoestande oor die hele Oorvaalse gebied, kom ons tot die ongelukkige gevolgtrekking dat daar weinig vordering gemaak is t.o.v. die voorsiening van onderwys aan alle kinders in dié gebied, en dit ten spyte van die feit dat byna twintig jaar verloop het sedert die aanleg van Potchefstroom.

Wat was dan die oorsake van hierdie geringe vordering? Cachet gee vir ons die antwoord op treffende wyse:[1)]

„Er had, ongetwyfeld, veel meer kunnen gedaan word dan er is geschied, dog de moeielykheden waarmede het onderwys in Transvaal te kampen gehad heeft, moeten niet gering geschat worden."

Wanneer ons hierdie moeilikhede ondersoek, vind ons die volgende:

Die ongestabiliseerde/......

---

1. Cachet: De Worstelstryd der Transvalers, 405.

a. Die ongestabiliseerde Staatkundige Toestande.

Hierin lê onses insiens die grootste rede waarom die onderwys aan die einde van 1853 nie beter georganiseerd en meer algemeen was nie.

1. Die houding van die Boere-Emigrante teenoor Staatskontrole.

Die Calvinisme het by die Boere-pionier 'n diepe vryheidsliefde en onafhanklikheidsin gekweek. Die selfgenoegsame pioniersbestaan het verder 'n uiters individualistiese gees by die Emigrante ontwikkel. Dit het die grootste selfverloëning moontlik gemaak maar gemeenskaplike beheer in elke opsig bemoeilik.[1)]

Op sy uitgestrekte en geïsoleerde plaas was die Trekker 'n alleenheerser wat selfstandig oor sy eie lot en ook oor die onderwys van sy kinders besluit het.

Hy kon beswaarlik die waarde van Staatsbeheer insien en was geneig om enige inmenging as 'n beperking op sy individuele vryheid te beskou. Vir die Trekker was die Staat 'n vrywillige assosiasie. Hy was bereid om in tye van gemeenskaplike gevaar groot opofferinge daarvoor te maak, om vrywillige bydraes daartoe te maak, maar verder wou hy sy eie sake behartig.[2)]

Gesien teen hierdie agtergrond is dit maklik te begryp waarom die kommissieraad van Lydenburg, na die aankoms van die eerste drie opgeleide onderwysers, eers wou ondersoek instel „of men begerig is om vast schoolonderwys onder zich te verkrygen, onder bestuur der W.E. Volksraad."[3)]

Die Gebrek/.....

---

1. Van der Walt, Wiid en Geyer: Gesk. van S.A., deel I, 229.
2. Ibid.
3. Notule Commissieraad, Lydenburg, 27 Nov.1851, art. 6.

11. Die Gebrek aan 'n gesentraliseerde Staatsgesag.

Die vry verkose Volksraad, wat op ongereelde tye vergader het, het oor min werklike mag beskik. 'n Uitvoerende mag het byna heeltemal ontbreek. Alleen die kommandante-generaal met hulle kommandante en veldkornette, afgesien van 'n paar landdroste, het die gang van sake bestuur, die weinige belastings gein, reg gespreek en oor die algemeen orde gehandhaaf. In so 'n gemeenskap was daar uit die aard van die saak geen sterk samehorigheidsgevoel nie, en die Staatsgesag was noodwendig gedesentraliseer.[1]

Voor 1857 was daar geen president nie, selfs nie eers 'n gemeenskaplike grondwet nie.

Die toestand is verder vertroebel deur die sg. „inwendige beroeringen." Die twiste tussen die Pretorius- en Potgietergroepe en veral gedurende 1855-1859, die onderlinge twiste tussen die Potchefstroom -, Zoutpansberg- en Lydenburg-groepe oor die grondwet en die Smellenkamp- van der Hoff- moeilikhede het bygedra om die onrustige en magtelose toestand te bevorder.[2]

111. Die swak finansiële toestand van die Staat.

Die Boere-pionier kon die noodsaaklikheid van verpligte belastings nie insien nie. Terselfdertyd het dit die Staat ontbreek aan alle middele om die betaling van belastings af te dwing. Die Volksraad kon beleef versoek, self smeek en soms dreig; in alle gevalle het hy egter ewe magteloos gebly. So het die Volksraad reeds in 1849 vir die instandhouding van die Staatsorganisasie 'n beroep op alle burgers gedoen om drie riksdalers/....

1. Van der Walt, Wiid en Geyer, t.a.p., deel I, 348.
2. Wichman, t.a.p., 161.

drie riksdalers per jaar hoofbelasting te betaal. In die Lydenburgse gebied is dit betaal maar op Potchefstroom nie. Die gevolg was dat die Lydenburgers die volgende jaar ook nie betaal het nie.[1)]

Die volgende jare tot 1859 het weinig verbetering gebring.

Die Staatskas was leeg. Die finansiële middele om die Staat 'n doeltreffende funksionele mag in die gemeenskap te maak, het steeds ontbreek. In geeneen van die eerste sewe Konstitusies wat deur die Voortrekkers opgestel is, is enige voorsiening gemaak vir die finansiëring van die Staat nie.

Ons mag egter nie uit die oog verloor nie, dat die mense geen kennis van administrasie en regeermetodes besit het nie, aangesien hulle in die Kaapkolonie verstoke was van die voorreg en ondervinding in daardie rigting op te doen. In hulle pogings om 'n onafhanklike staat te stig, het hulle dus nie alleen met Britse teenstand te kampe gehad nie, maar ook met hulle eie onvermoë, aan die begin altans, om 'n grondwet in die lewe te roep wat sou aanpas by hulle besondere omstandighede en behoeftes.[2)]

Die gebrek aan kennis en ondervinding van administratiewe sake het die vooruitgang van die Voortrekker-gemeenskap ernstig belemmer. Hieruit volg 'n tweede omstandigheid, nl. dat by die Boere 'n amptenaarskorps lank afwesig was.[3)]

Die jong Republiek het swaar gely aan die kindersiektes van 'n wordende nasie.

Eers na/......

1. Van der Walt, Wiid en Geyer, t.a.p., 232.
2. Kruger, t.a.p., 34.
3. Ibid.

Eers na die vereniging van die twee Republieke, nl. die Z.A.R. en die Republiek van Lydenburg in 1859 en die aanvaarding van 'n gemeenskaplike grondwet vir die hele Oorvaalse gebied, was die regering op deeglike grondslae gefundeerd en kon die onderwys van staatsweë die nodige aandag kry.

b. <u>Onvoldoende Kerklike Organisasie.</u>

Die Kerk het so 'n besondere rol in die dade en denke van die Boere-emigrante in die Transvaal gespeel, dat die toestand moontlik anders sou gewees het indien daar eerder gevestigde predikante onder hulle was. Maar byna veertien jaar na die aanleg van Potchefstroom het Ds. Dirk van der Hoff, hom eers as die eerste predikant van die Transvaal, in Potchefstroom gevestig.

Die Kaapse Kerk, as 'n georganiseerde kerk, het die Trek bitterlik teengegaan en ook vir hulle volksgenote later in die Transvaal weinig beteken. Wel het die besoeke van afgevaardigdes van die Kaapse Sinode die Boere in staat gestel om hulle kinders te laat doop, om jong lidmate die geloofsbelydenis te laat aflê en om die Heilige Nagmaal te gebruik, maar verder het dit nie gekom nie.

Die verwaarloosde gemeentes in die Transvaal sou tevergeefs 'n geestelike leier van hulle vlees en bloed uit die Kaapkolonie beroep.

Indien die beroepe van predikante van die Kaapse sinode nie altyd op dowe ore geval het nie, en predikante van die Kaapse Kerk, predikante wat die Boer in sy diepste wese geken en verstaan het, hulle vroeër onder die Boere gevestig het, sou ook die onderwys daar veel by gebaat het.

Die eerste predikant wat egter gewillig was om hom te vestig onder hierdie uitgewekenes in die Transvaal, was 'n Hollander, nl. Ds. van der Hoff. Ons kan

aanvaar/......

aanvaar dat veel in die Transvaal vir hom as vreemd voorgekom het. Hy sou aan die onderwys sy besondere aandag gee. Hy sou veel goed doen, maar die kwade was nie uitgesluit nie.

Ook die predikante van Rustenburg (Ds. W. Smits), Pretoria (Ds. A. Begeman), en Schoemansdal (Ds. van Warmelo), wat in elk geval na 1853 vanaf Holland na Transvaal gekom het, was Hollanders wat deur die Amsterdamse Kommissie uitgestuur is.

c. Die feit dat die Emigrante oor so 'n uitgestrekte grondgebied versprei was.

Dorpe waar skole gestig kon word, was drie, vier en soms vyf dagreise van mekaar geleë en die meeste plase self was ver van die naaste dorp geleë. Die enkele dorpskole was dan slegs vir 'n klein gedeelte van die getal kinders in die Republiek bekombaar en ,,moest wel het grooter deel der bevolking van genoegzaam schoolonderwys verstoken blyven."[1)]

d. Die Gebrek aan Onderwysers.

In drie van die vyf dorpe, nl. Potchefstroom, Rustenburg en Lydenburg, was wel op een stadium dorpskole met gekwalifiseerde Hollandse onderwysers.

Gedryf deur die begeerte om hulle kinders tog 'n mate van onderwys te laat geniet, moes die Boere op die plase hulle egter steeds tevrede stel met die sg. huisonderwysers. Boonop was daar 'n tekort aan selfs hierdie tipe onderwyser.

In 'n breedvoerige voetaantekening skryf Cachet as volg hieroor:[2)]

,,Transvaal heeft op dit oogenblik de dringendste

behoefte/.....

1. Cachet, t.a.p., 405.
2. Cachet, t.a.p., 408.

behoefte aan degelyke, door-en-door knappe Christelyke onderwyzers en meer nog voor de buitewyken, als reizende onderwyzers, dan voor de dorpscholen. Jongelui, vooral van modden huize die hun vaderland verlaten, onder een wolk, en met een beetjie Bybelkennis gewapend, zoo lang schoolmeester willen zyn, tot zy wat beters te doen kunnen krygen, moeten en zullen onbevoegd worden verklaard om onderwyzer te spelen. Beter, voor een tyd geen onderwyzers, dan zulke meesters. Er zyn mannen van het vak nodig, die uit liefde tot de Transvalers, en met enthousiasme vervuld voor hun gewichtig werk, zich de opofferingen willen getroosten, die er aan het reizend onderwyzersambt in Transvaal verbonden zyn en ten minste eenige jaren huns levens onder de Boeren willen gaan doorbrengen, om hunne kinderen te onderwyzen. Niet mannen die nergens anders terecht kunnen en daarom naar Transvaal zouden gaan, maar zulken die zich een werkkring in Holland kiezen kunnen...... Onderwyzers met zulk enthousiasme, zulk geloof, bezield heeft Transvaal thans nodig."

c. Die Huisonderwys was te duur.

Die dorpskole kon slegs deur 'n geringe persentasie kinders besoek word. Die enigste ander uitweg, nl. die gebruik van 'n huisonderwyser, was duur. Hierbenewens moes 'n plek ingerig word om te dien as skool. Die huishouding moes geskik word volgens vereistes van die skool. Dikwels moes daar ooreenkomste aangegaan word met die bure sodat ook hulle kinders die skool kon bywoon.[1)]

„ Daarby zyn/......

1. Cachet, t.a.p., 406.

„ Daarby zyn slechts enkele Boeren vermogend genoeg om den meester voor langen tyd in huis te nemen, -zelden langer dan een jaar. Gelukkig dat de jonge Transvalers veel natuurlyken aanleg hebben om te leeren, en van drie tot zes maanden zeer gebrekkig en onvoldoend onderwys meer party schynen te trekken, dan anderen van een langdurig verblyf op onze eigene kostbare scholen."[1] (d.i. in Holland.)

Die armoede van 'n gedeelte van die Boere-Emigrante wat hulle na afloop van die Trek in die Oorvaalse gebied gevestig het, is lig te begryp. Baie was bv. so uitgeroei dat hulle geen waens meer besit het nie. Die trek uit Potchefstroom na Ohrigstad moes in menige geval per sloe geskied. Weduwees en wese wat selfs alleen van aalmoese moes lewe, was 'n algemene verskynsel.[2]

f. <u>Die Eise wat die Pionierslewe gestel het.</u>

In 'n wildernis, omring deur vyandige kafferstamme en wilde diere, moes plase aangelê word. Die werk hieraan verbonde het die werkskrag van Vader, Moeder en alle kinders ge-eis. Die kinders het dikwels 10 of 12 jaar oud geword voordat daar reëlings getref is vir 'n onderwyser, „ doch op dien ouderdom kon de Boer, by gebrek aan het noodige vertrouwbaar dienstvolk, zyne zonen reeds niet meer missen in het werk op het land of de verzorging van het vee. Wordt het nu eindelyk tyd - voor de aanneming tot lidmaat- dat de jonge Transvaler eenig schoolonderwys moeten ontvangen, dan kan dit alleen geschieden als het werk zulks toelaat - gewoonlyk niet/.....

1. Cachet, t.a.p., 406.
2. Preller: Andries Pretorius, 314.

niet langer dan drie of zes maanden, gedurende een of twee achtereenvolgende jaren."[1]

Dan nog het A.H. Potgieter en sy volgelinge na die aanleg van Potchefstroom in 1838, weer in 1845 na Ohrigstad getrek en twee jaar later weer na Schoemansdal (Zoutpansberg). Telkens moes alles dan weer van voor af herhaal word. Op plekke soos Ohrigstad en Zoutpansberg moes dan nog 'n stryd om die behoud van die lewe self gevoer word. Malaria en geelkoors het talle slagoffers geëis. Dit is maklik te begryp dat onder sulke toestande daar van georganiseerde onderwys weinig sprake was.

---

1. Cachet, t.a.p., 406.